AAN AL DIE PREDIKANTE EN GEMEENTES IN DIE NOORDELIKE SINODE

Dagsê,

Covid-19 gaan na alle waarskynlikheid nog lank met ons wees. Fase 4 het nou aangebreek en ek deel graag een en ander met jou:

1. Gister se berig in Rapport oor permitte vir die uitdeel van kos, geniet tans die dringende aandag van die Algemene Sinode.
2. Die Noordelike Sinode se moderatuur het besluit om in die lig van die onsekerheid oor die pad vorentoe en veral die moontlikheid dat die pandemie sy hoogtepunt teen September sal bereik, by die SDR aan te beveel dat die beplande sinodesitting van Oktober 2020, na volgende jaar uitgestel word. Die presiese datum sal later bepaal word, maar voorlopig word daar gedink aan die tweede kwartaal van 2021. Dit sou beteken dat die huidige moderatuur se termyn tot en met die sinodesitting verleng word. Die SDR sal so gou moontlik 'n elektroniese besluit hieroor neem.
3. Die moderatuur beplan om binnekort 'n elektroniese gesprek met elke ringskommissie te hê oor hoe dit met die gemeentes in hulle ringsgebied gaan.
4. Die moderatuur het groot waardering vir al die gemeentes wat steeds voortgaan om hulle bydraes vir gesamentlike werk te betaal. Dit help die Sinode om gemeentes en bedieninge finansieël te bly ondersteun. Kyk gerus na die aangehegte dokument vir meer detail.
5. Daar word tans oor die moontlikheid van 'n rampfonds besin en 'n proses is aan die gang gesit om die huidige begroting te hersien.
6. Van vandag (4 Mei) af funksioneer die Sinodehuis weer voluit. Al die personeel is gerat om volledig van die huis af te werk. Die kantoor is Maandae tot Vrydae van 8:00 tot 16:00 oop en jy is welkom om enige van die personeel per e-pos of selfoon gedurende kantoorure te kontak:
   Hermien: hermien@noordsin.co.za 072 222 6360
   Naomi: naomi@noordsin.co.za 082 640 1893
   Sandra: sandra@noordin.co.za 079 527 2684 (daagliks slegs tot 13:00)
   Johan Kruger: johan@noordsin.co.za 083 554 4971 (behalwe Donderdae, en Vrydae na 13:00).
7. Die Verskil sal voortaan weer weekliks verskyn. Ons wil veral fokus op kort positiewe verhale rakende kerkwees tydens die pandemie. Gemeentes en ook ringe word daarom gevra om inligting van nie langer nie as 150 woorde na Hermien toe te stuur. Dit sou ook twee foto's kon insluit. Hou dus Vrydae jou e-pos dop vir alle kommunikasie rakende Covid-19 en ander sake.
8. Die Sinodehuis wil jou graag help met verwysings na kundige persone indien jy leiding nodig het oor sake soos: die gebruik van elektroniese media, hulpverlening, maatskaplike sorg, ens.
9. Daar is Woensdag 6 Mei 'n gratis VBO-kursus oor Hermeneutiek. James Kirkpatrick bied dit aanlyn aan. Stuur 'n e-pos vir excelsus@up.ac.za voor Dinsdag 12:00 om in te skryf.

Baie sterkte vir al die uitdagings op jou pad en kontak my gerus soos nodig.

Groete,

Direkteur: Noordelike Sinode
082 653 5734 / paul@noordsin.co.za